SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 13 JUNIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

Dit is vir ons aangenaam om te kan aankondig dat addisioneel vanaf vandag, Sondag 13 Junie die weeklikse bulletin ook dmv. Echolink beskikbaar is. Echolinkgebruikers kan klik op ZS6FCS. Echolinkgebruikers word versoek om, waar moontlik, die bulletin op hulle plaaslike herhalers te herlei wanneer HF-toestande nie gunstig is nie.

Kommentaar of voorstelle sal waardeer word en kan per e-pos gestuur word aan zs6fcs@telkomsa.net.

Ons waardeer dit dat Chris, ZS6FCS, hierdie diens aan Sarlnuus beskikbaar stel.

STIL SLEUTELS

Nuus is ontvang dat Paddy Lynn in die ouderdom van 101 jaar op 4 Mei in Durban oorlede is. Jare gelede was hy verantwoordelik vir die bedryf van telekommunikasie in die toentertydse Rhodesië en het hom goed van sy taak gekwyt. Hy het op verskeie plekke gewerk en was die ho en het hom goed van sy taak gekwyt. Hy het op verskeie plekke gewerk en was die hou van roepseine ZD6JC, G3NLA, ZE1AA, Z21A en ZS5JSC gedurende sy leeftyd. Ongelukkig weet ons niks meer van hom nie, maar hy moes 'n interessante en vol amateurradioloopbaan gehad het. Ons innige vertroosting aan sy familie en vriende.

Dit is met groot hartseer dat die heengaan van Lawrence Lightbody, ZS6BBU, aangekondig word. Lawrence het na 'n kort siekbed weggeval. Hy was 'n goeie vriend en erelid van die Oos-Rand Radioklub en was vir die laaste 44 jaar met die roepsein ZS6BBU in amateurradio betrokke. Hy word oorleef deur sy vrou Corrie en aan haar, ander familie en vriende ons innige meegevoel. 73 Lawrence.

(POUSE)

In die nuus vandag:

FREKWENSIETOEKENNING VIR APRS

OPROEP AAN ALLE GESIGGESTREMDE AMATEURS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die

SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

FREKWENSIETOEKENNING VIR APRS

Met die verwydering van herhalerinsette aan die hoër einde van die 144 MHz gedeelte van die 2 m band ontstaan die geleentheid om die SARL se 2 m bandplan meer in ooreenstemming te bring met die aanbevelings van die IARU Streek 1.

Met onmiddelike effek word die gedeelte 144,800 tot 144,975 MHz toegeken aan die onbemande MGM- (Masjien Gegenereerde Modus) dienste, wat pakket en APRS-verkeer insluit, met 144,800 MHz die senter van aktiwiteit vir APRS.

Ten einde gebruik te optimiseer, word hierdie bandsektor gebaseer op 'n 12,5 KHz kanaalspasiëring en dit word van gebruikers verwag om hierdie IARU-aanbeveling te respekteer.

Let asb. ook daarop dat die eksklusiewe SA APRS toekenning van 145,550 tot 145,587 5 MHz wegval aangesien dit nie 'n IARU-aanbeveling vir hierdie gedeelte van die band is nie. Huidige gebruikers word versoek om planne te beraam om na die goedgekeurde bandsektor te verskuif.

Verdere stof tot nadenke ivm. voldoening aan die IARU-bandplan is dat in 1996 in Tel Aviv 'n besluit geneem is dat alle onbemande pakket en digitale toegangspunte wat nie in die aanbevole bandsektor is nie, bedryf voor einde 1997 moet staak. Dit is duidelik dat ons in Suid-Afrika nie aan hierdie aanbevelings voldoen het nie. Die steeds toenemende eise vir spektrum binne ons eie geledere vereis dat ons begin om 'n poging aan te wend om onsself binne die volgende jaar of wat in lyn te kry met die welbeplande IARU-aanbevelings.

Konstruktiewe kommentaar ivm. enige bandplanne sal van SARL-lede verwelkom word.

OPROEP AAN ALLE GESIGGESTREMDE AMATEURS

Daar bestaan tans nie 'n databasis van gesiggestremde amateurs nie. Dave, ZS1LDH, wil met alle gesiggestremde amateurs kontak maak wat graag Radio ZS op band van Bandhulp wil ontvang. Hy is besig om met Bandhulp oor hierdie diens te onderhandel. Indien jy belangstel, kontak asb. vir Dave, ZS1LDH, by 021-761-8386, ek herhaal 021-761-8386 of stuur e-pos aan die Kaapstad Amateurradiosentrum met adres zs1ct@qsl.net vir Dave se aandag. Verskaf asb. jou naam, roepsein, posadres, telefoonnommer en e-posadres.

SARL KNDERDAG

Die tweede SARL Kinderdag vir 2004 vind op Jeugdag, Woensdag 16 Junie plaas. Dit begin om 09:00 en eindig om 13:00 SAT met aktiwiteit op 40, 20 en 2 meter. Besoek die SARL webwerf by www.sarl.org.za en kyk na die verskillende voorstelle wat Chris, ZS6COG, gemaak het. Neem Woensdag deel en laat jongmense met amateurradio kennis maak.

RADIO ZS

Die redakteur van Radio ZS is besig met die Mei/Junie uitgawe en is dringend op soek na artikels vir publikasie. Dit kan tegnies of van algemene aard en of in Engels of Afrikaans wees. Artikels kan in MS Word-, WordPerfect- of teksformat aan radiozs@sarl.org.za gestuur word, of per gewone pos na die roepseinboekadres van Dennis, ZS4BS.

HF NUUSBRIEF

HF Happenings, die weeklikse HF-nuusbrief, het hierdie week uitgawe nommer 100 bereik. Die nuusbrief word per e-pos versend en tans gaan dit na 178 adresse hier in Suid-Afrika asook in die buiteland. Dit is ook beskikbaar op die SARL se webwerf. As jy graag HF Happenings wil ontvang stuur asseblief 'n e-posversoek na zs4bs@netactive.co.za.

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

Die volgende Megavlooimark in Pretoria vind op 26 Junie by die Pretoria Amateurradioklub, op die hoek van Universiteit- en Lynnwoodweg, plaas. Die aanvangstyd is 09:30 en verkopers word versoek om nie vroeer as 08:30 op te daag nie. Daar sal soos gebruiklik heelwat te ete en te drinke aangebied word. Persone wat meer inligting verlang of wat 'n tafel wil bespreek kan Almero, ZR6RY by 012 567 3722, of 082 908 3359 skakel.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat ons nou behoorlik vasgevang is in 'n sterk dalende siklus 23. Voortplantingstoestande was oor die afgelope week swak - vooruitsigte op 'n verbetering in die komende week lyk ooknie goed nie. Tot en met die 14de Junie mag DX-toestande redelik wees. Die sonvlekgetal was Vrydag slegs 31,6 teenoor die 37,9 van verlede week. Met so 'n lae sonvlekgetal, en 'n skrale moontlikheid van invloei van koronamassa na die aarde, word swak voortplantinstoestande voorspel. Die 20 m band bly nog steeds die ou staatmaker en verrassings is glad nie uitgesluit nie.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

15 Junie, stuur lesingsvoorstelle per e-pos aan saamsat@intekom.co.za vir AMSATCON2004 wat op 24 Julie by die Universiteit van KwaZulu-Natal Durban gehou gaan word. Registrasiefooie is R50 vir lede van SA AMSAT of die SARL. Die fooi vir studente is R35 en vir nie-lede R100. 16 Junie, Kinderdag. 16 Junie, Jakkalsjag by Oakdale Amateurradioklub, Bellville; 26 Junie, Megavlooimark in Pretoria; 30 Junie, die laaste dag vir besprekings vir die stoomtreinrit na die

mampoerfees in Koster op 5 September. Kontak Johanna Harris by 011-814-2121 gedurende kantoorure om besprekings te bevestig; 2 Oktober, Vlooimark in de Oos-Rand, dit begin om 08:00.

SARL se ledegelde kan nou per kredietkaart, elektroniese oorplasing of direkte inbetaling in die SARL se rekening by STANDARD BANK KILLARNEY - TAKKODE 00 72 05 - Rekeningnommer 001 682 059, gedoen word. Faks asseblief 'n afskrif van die depositostrokie aan die SARL se kantoor by No. 011 675 2793 indien u direk by die bank inbetaal.

Donasies ten behoewe van die fonds vir die SARL se IARU-lidmaatskap kan gedoen word in die bankrekening van die SA Amateur Radio Development Trust by ABSA, rekening No. 560 142 722 met bankkode 335 645. Meld IARU-donasie met oorplasing of inbetaling en faks die depositostrokie na 012 991 5651 of pos die besonderhede met adresinligting aan Posbus 90438, Garsfontein 0041.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX